menlo-insig

1/2023

## LIEWE MENLO

*Aan die woord is Dannhauser van der Merwe met die toespraak (effens verkort) waarmee hy die Parkies op die eerste skooldag van 2023 verwelkom het. Die inspirasie agter Dannhauser se wyse woorde is Martin Luther King se bekende I have a dream-toespraak.*

**Ek het 'n droom vir Die Hoërskool Menlopark.**

Ek droom dat elke Parkie ABSOLUT BETROKKE sal wees by ons skool. Hier is so baie geleenthede wat die skool bied. En weet julle, 'n geleentheid is eintlik soos 'n klein, vreemde diertjie. Rondom sy kop en bors het hy maanhare soos 'n leeu, maar sy rug is seepglad. As jy die diertjie wil vang, moet jy hom dus van voor af aan sy maanhare vang, want as hy eers verby jou is, kan jy hom nie raakvat nie omdat sy rug so glad is. Gryp dus elke geleentheid aan, want as die geleentheid eers verby is, is dit vir goed verby.

**Ek het 'n droom vir Die Hoërskool Menlopark.**

Ek droom dat elkeen van ons regtig VRIENDELIKE, GOEDGEMANIERDE mense sal wees; dat ons altyd beleefd teenoor mekaar, onderwysers, terreinwerkers en ouers sal wees. Manne, laat die meisies eerste by die klas instap. Sorg dat daar geen vuil taal by jou mond uitkom nie. Deel van goeie maniere is natuurlik om te groet. Of jy nou verby jou beste pel loop en of jy nog nooit hierdie persoon in jou lewe gesien het nie, groet almal – die personeel, die maats én die besoekers by ons skool.

Kom ons maak Die Hoërskool Menlopark 'n skool wat altyd groet.

**Ek deel my laaste droom vir Die Hoërskool Menlopark.**

Ek droom dat elke Parkie altyd die hoogste sal nastreef; dat ons altyd ons beste sal gee in die jaar wat voorlê – op die sportveld, op die verhoog én in die klas. Ek droom dat die Menlo-koor hierdie jaar vir die 19de keer die beste koor in die land sal wees; dat Parkiedag 'n hoogtepunt op die kalender sal wees; dat ons weereens die rekord vir die meeste inskrywings vir Tekkielympics en Menlovaria sal breek. Ek droom dat ons die pawiljoen vol sal staan wanneer ons saam Tiho gaan



skree; dat ons Interhoër vir die 21ste keer in 'n ry gaan wen. Ek droom dat ons as jongmense uiters hard sal werk en met integriteit sal leef, want dan sal ons 'n blink toekoms hier in ons mooi land hê.

Hoor net wat in Spreuke 22:29 staan:

"Hy wat vaardig is in sy werk, kan voor konings staan."

Mag ons, as Parkies, so hard werk en so leef dat ons eendag voor konings kan staan.

Menlopark, ek sluit af:

Ons skool is vanjaar 60 jaar oud – wat 'n mylpaal! Mag ons 'n nalatenskap laat wat vir die volgende 60 jaar steeds sal staan. Mag die volgende nie net by drome bly nie:

1. Om betrokke by alles te wees;
2. Om vriendelik en goedgemanierd te wees en almal te groet; en
3. Om altyd die hoogste na te streef.

Ek los julle met die woorde van 'n Griekse politikus en generaal, Pericles:

"Jou nalatenskap is nie dit wat in monumente ingekerf is nie. Jou nalatenskap is dit wat jy in ander mense se lewens geweef het."

Onderwysers, ouers en Parkies, mag elkeen 'n geseënde en wonderlike 2023 hê.

EXCELSA PETAMUS
STREEF DIE HOOGSTE NA

# DAGBOEK

**20/1** Atletiek: Noordheuwel (weg)
Tennis: GN-Hoërskolekampioenskap tot 26/1
Krieket: Nelspruit (Eerstespan: weg; o. 15's: tuis)

**24/1** Parkiedebat: Oefening (14:00 – 19:00)
Netbal: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)

**25/1** Debat: Gr. 8-bekendstelling (Mediasentrum, 16:00)
Drama: Prysuitdeling (Saal, 18:00)
Tennis: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)
Muurbal: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 19:00)

**26/1** Swem: Ligagala
Drama: Ouerinligtingsvergadering (Personeelkamer, 18:00)
**Volg gerus die skakel vir die eerste kwartaal se toetsrooster.**

# MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner.

Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Teks: Fillipense 3:10-11**

"Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood."



# ALGEMEEN

## Wat is die Menlo-Insig?

U ontvang vandag die eerste van sowat 35 nuusbriewe wat weekliks elektronies deur Die Hoërskool Menlopark uitgestuur word. Inligting oor pas afgelope gebeure en ander belangrike nuus word deur die loop van die week versamel en op Dinsdae, net na die spertyd van 12:00, aan die uitlegkunstenaar oorhandig. Ouers is welkom om inligting rakende hulle kinders se prestasies aan die skool te stuur en word versoek om op die volgende te let:

**Aktiwiteite wat by die skool aangebied word:**
Stuur inligting aan die betrokke **organiseerder**.

**Aktiwiteite wat nie by die skool aangebied word nie:**
Stuur inligting aan die **Insigspan**.

Artikels oor aktiwiteite wat nie op Menlo-bodem aangebied word nie, moet asseblief volledig wees en inligting met besonderhede oor die aktiwiteit, byvoorbeeld die vlak van deelname, die geleentheid, asook die prestasie wat behaal is, insluit. Berigte moet asseblief van 'n duidelike foto vergesel word.

Neem asseblief kennis dat artikels slegs vir plasing oorweeg kan word indien dit ons voor die spertyd (Dinsdae, 12:00) bereik en indien daar genoeg spasie in die Insig beskikbaar is.

**Die Insigspan**

Inligting en artikels: Me. Hannaliza Fechter (bemarking@menlopark.co.za) & me. Anlie Dicks (menlo-insig@menlopark.co.za)
Uitlegkunstenaar: Mnr. Hans Moolman
IT: Mnr. Gerrit Swanepoel & mnr. Corné Faber
Webblad: Mnr. Pieter Lowne-Hughes

Die Insigspan sien daarna uit om die hoogtepunte van 2023 met u te deel. Raadpleeg asseblief altyd die skool se webblad eerste indien u op soek na belangrike inligting is.





## Parkies leer met leer

Tau Leather Company vervaardig leerprodukte en aangesien leer onlosmaaklik deel van skoolgaan is, het die onderneming besluit om seker te maak dat Menlo se hoofleiers, Sheliza de Wet en Dannhauser van der Merwe, voorbereid vir al 2023 se leeruitdagings is. Mnr. Phillip Pretorius van Tau het vandeesweek 'n pragtige, outentieke leertas aan albei hierdie leerders oorhandig. Baie dankie aan mnr. Pretorius en Tau vir hierdie heerlike bederf.
Maak gerus 'n draai op die Markplein vir meer besonderhede oor 'n spesiale aanbieding vir al die Parkies.

# MENLO PERSONEEL

## Welkom in ons midde!

Daar is agt splinternuwe personeellede wat hulle vanjaar by die skool aansluit. Baie welkom aan mee. Natasha Austin (English FAL), Lourene Bester (RTT), Maricia van Deventer (Wiskunde), Nitha van der Walt (NW), Estelle van Schie (Rekeningkunde), Suzanne Strydom (Hokkiekoördineerder) en mnre. Kobie Krause (Wiskunde) en Jan-Harm van Helsdingen (Rekeningkunde en Ekonomie). Menlo verwelkom ook vanjaar 'n ou bekende en oud-Parkie, me. Nerine Ahlers (Frans) terug op eie bodem. Daarby het me. Méhan de Vries haar aan die einde van 2022 by die skool se finansiële span aangesluit en sal sy haar syferkennis in die klas (Rekeningkunde) met die Parkies deel. Die Insig wens hulle alles van die beste toe en sien daarna uit om te beleef hoe hulle op Menlo-bodem gedy.



# AKADEMIE

## Parkies skitter by nasionale ekspo



(*Xander Zaaiman was afwesig toe die foto geneem is.*)

Die Imbewu Science Foundation bied jaarliks 'n wetenskapekspo aan. Aspirantwetenskaplikes se kreatiewe, eksperimentele en rewolusionêre denke word eers op provinsiale vlak gemeet waarna die room van die land se jong wetenskaplikes hulle hipoteses en teorieë op nasionale vlak, by die South African Youth Engineering & Science Symposium, demonstreer.

Agt Menloparkers wat almal verlede jaar in graad 8 was, het die beoordelaars by die provinsiale ekspo in so 'n mate beïndruk dat hulle uitnodigings na die nasionale ronde op 1 en 2 Desember 2022 by die Misty Hills Hotel ontvang het. Hier volg die uitslae:

| | |
|---|---|
| Ziané van den Berg | Brons |
| Michau Kruger | Silwer |
| Christopher Niemann | Silwer |
| Xander Zaaiman | Silwer |
| Ryan Hill | Silwer |
| Natanya Steenkamp | Silwer |
| Chanté le Roux | Goud |
| Kathleen van Rooyen | Goud |

Die beoordelaars was maar snoep met die goue toekennings: Daar is slegs agt uitgedeel en Die Insig rapporteer graag dat 'n kwart hiervan aan Die Hoërskool Menlopark behoort. Hartlik geluk aan Chanté en Kathleen wat met hierdie prestasie gekies is om hulle projek vanjaar op internasionale bodem uit te stal.

'n Spesiale woord van dank word aan Menlo se natuurwetenskapdepartement gerig vir die wyse waarop die onderwysers ons jong wetenskaplikes lei. Welgedaan!

## Somme is hulle kos





Om jou staal in 'n Wiskundeolimpiade te wys, verg syferkrag. Syferkundiges wat hiper- en parabole verslind en nie deur die verskille tussen gelykvormigheid en kongruensie, hoekpunte en raakpunte of produk en kwosiënt verwar word nie. Wiskundeolimpiades word oor verskeie rondes beslis en dit is slegs die swaargewig syfervaardiges wat onder die land se 100 syferkundigstes tel. Erik Senekal (graad 9) en Cari Bellingan (graad 12) is twee swaargewigte as dit by die ontsyfering van syfers kom. Hierdie twee tel albei onder die land se top-100-wiskundiges: Erik (junior Olimpiade) het verlede jaar 'n tweede plek in Gauteng behaal, terwyl daar "Eervolle vermelding" op Cari (senior Olimpiade) se sertifikaat staan. Knap gedaan!

# ALGEMEEN


## Menlo-kaf kry splinternuwe baadjie

Daar is nie 'n beter manier om 'n dag mee te begin as om dit met 'n koppie koffie af te skop nie en by die splinternuwe kaf en snoepie kan jy kies en keur tussen cappuccino, latté, Americano en selfs 'n freezo.

Diegene wat 'n voortdurende stryd met die hongerpyne voer, kan ook daar vir 'n heerlike middagete en selfs nagereg aanklop.

Hou gerus hierdie spasie dop – die nuwe bestuur het gastronomiese planne vir 2023!









# KOOR



## Do-ré-men-lo-so-la-te-do!

Die jaar op Menlo-bodem het nie net in die klaskamers, op die pawiljoen, op die baan en veld en in die swembad afgeskop nie, maar ook op die koorbanke. Terwyl die meeste Parkies die laaste paar uur van die vakansie ten volle benut het, het die Menlo-koor die jaar op musikale wyse ingewy om vir hulle Europese toer wat later vanjaar plaasvind, voor te berei.

Daar is van vroegdag tot sononder gewerskaf en aan die einde van die kamp was selfs die koor verstom om te hoor wat hulle in drie dae vermag het.

Baie dankie aan die koorlede wat die laaste paar dae van die vakansie vir die koorbanke verruil het, asook aan me. Jeanmari van Papendorp en mnr. Lourens de Jager vir hulle musikale leiding. Die Insig sien daarna uit om die koor vanjaar in aksie te beleef en hierdie geleentheid sal hom op 7 Februarie tydens die skool se Kultuur Prestige-aand voordoen. Kaartjies hiervoor is via die **skakel** beskikbaar.




# AKADEMIE

## Fransleerders delf diep en slaag met vlieënde vaandels





Menlo se Fransleerders wat verlede jaar die DELF-eksamen afgelê het, het oudergewoonte uitstekend gevaar.

Courtney en Nicole Andrews het die uitdagende B2-eksamen geslaag. Wat hulle prestasie selfs meer merkwaardig maak, is die feit dat hierdie gedugte duo die eksamen in hulle matriekeindeksamen ingepas het. Met 'n B2-eksamen in die hand, kan 'n mens vir nagraadse studie in Franssprekende lande aansoek doen.

Die Gr11's van 2022 het die A2-eksamen aangedurf en geslaag. Die leerders is Rayhan Ounaceur, Thomas Meiring, Marcelle Terblanche, Brandon Fourie en Jadyn van Jaarsveld. Indien jy dit oorweeg om die Afrika-son vir Kanadese sneeu te verruil, kan dit nie sonder 'n A2-sertifikaat in die hand wees nie.

Die Gr 10's van 2022, Arno Klerck, Danielle Hogg, Kayleigh Rippel, Jessalyn Greeff en Cara Breet het op hulle beurt die A1-eksamen aangepak. Calista Theodorellis was egter ekstra waaghalsig en het besluit om haar kennis in die A2-eksamen te toets. Baie geluk aan die halfdosyn graadtiens wat die eksamen geslaag het en baie dankie aan me. Mia-Louise Nel vir haar insette.

Félicitations tout le monde! Absolut!

## Welkom, Graadagts!

By Die Hoërskool Menlopark is die graadagts sommer met die eerste intrapslag welkom en daardie eerste intrapslag was op Dinsdag, 10 Januarie. Getooi in die kleure van die sportspanne is groot oë en opgewonde harte deur die Matriekraad ontvang om hulle nuwe tuiste te leer ken. Dit was nie lank nie of die aggies het vir hulle eerste atletiekbyeenkoms op Menlo-bodem aangetree. Die eerste indrukke van hierdie groep is dat hulle nog diep spore op Menlo-bodem gaan trap – daarvan is die entoesiasme waarmee hulle die atletiek en die res van die week se gebeure aangepak het 'n klinkklare bewys, want daar was van Vrydag se huissportmoegheid geen teken by die graad 8-swemgala nie. Na dekades se swemgala-aksie kon Die Insig steeds nie agterkom of dit die aggies of die Matriekraad is wat hierdie dag die meeste geniet nie.

Welkom Graadagts.
Menlo is bly dat julle hier is.








## Welkom, Menlopark!

Die eerste skooldag van die jaar is 'n belangrike gebeurtenis. Splinternuwe graad 8's met kraakvars glimlagte word vir die eerste keer op Menlo-bodem verwelkom, terwyl die graad 12's 'n eerste skooldag vir die laaste keer beleef. Die skool se waardes – respek, ywer, lojaliteit en integriteit – is na vier jaar op die skoolbanke in hulle menswees verweef en dit is daarom dat die matrieks van 2023 met 'n staande applous by hulle laaste eerste opening verwelkom is. Die taak om die skool se waardes aan die graad 8's te demonstreer, rus vierkantig op hulle ervare skouers en daar heers geen twyfel nie: Hierdie groep is absolut opgewasse vir die taak. Daarby kan hulle gewis op die ondersteuning van die graadelfs, -tiens en -neges reken – die skool en tradisies wat oor ses dekades op Menlo-bodem vastrapplek gekry het, is in goeie hande.

Vir die afgelope sestig jaar word die eerste skooldag met 'n opening gevier en me. Liesel Krause-Wiid het vanjaar sekergemaak dat die Parkies uit die regte perspektief na die uitdagings en geleenthede van 2023 sal kyk. Daarna was die hoofleiers, Sheliza de Wet en Dannhauser van der Merwe, aan die woord om die skool te inspireer (loer gerus na die voorblad vir Dannhauser se toespraak. Sheliza se toespraak volg in Insig 2) en nog voor die son se geel die pawiljoen kon inkleur, het Assandria deur die omgewing ge-eggo.

2023 gaan 'n goeie jaar wees en Die Hoërskool Menlopark is slaggereed.











## Vrydag is my dag is Menlo-dag!



Die uitdaging is gestel en die Parkies het opgedaag, opgelet en as wenners opgestaan. Dannhauser en Sheliza het die vrae wat tydens die Morning Family Quiz op Jacaranda aan hulle gestel is vir ontbyt opgeëet en 'n nuwe rekord sommer so op 'n drafstap opgestel. Die vermoede bestaan dat Martin Bester so verbaas was dat hy sy eie hoed opgeëet het – met die dat hy met 'n nuwe *thinking cap* spog. Volg gerus die skakel vir die aksie op die radiogolwe. Baie geluk, Menlopark!

## Huissport: Onverskrokke dirries voer krygers aan en slaan asems weg

Die feit dat dirigent met een "r" gespel word en dirries met twee het niks met spelreëls te doen nie, maar alles met die feit dat Menlo-dirries *rrrrock*! Van die oomblik toe die voorste krygers uit die geledere van die Atheners, Milete, Spartane en Trojane op die veld verskyn het tot die laaste minuut van huissport – 'n vreugdevolle viering van Parkie-wees – het die dirries geskitter. Daar was selfs 'n paar van hulle wat tussen die geesvang en dreunsang vir oulaas aan die atletiek deelgeneem het. Van heinde en verre is daar berig dat oorlogskrete (waarvan sommige selfs Grieks was) tot laatnag weergalm het en dat sake op die geesfront tot lank na sonsondergang op 'n mespunt gebalanseer was. Die pendulum het eindelik in die Atheners se guns geswaai en dit is hulle wat vanjaar die kroon as die geesdriftigste Parkies sal dra. "Parkies victorious!"























# ATLETIEK

## Menlo-huissport: weergaloos, skouspelagtig, uitsonderlik!

Die betekenis van die woord, *huissport*, verskyn nie in die Verklarende Afrikaanse Woordeboek van 2011 nie. 'n Mens sou kon redeneer dat die 2011-weergawe effens verouderd is, maar *huissport* is tog so oud soos koekstruif en malvapoeding en so Suid-Afrikaans soos mieliepap en Springbokrugby.

Nie net is huissport so oud soos die berge nie, maar daar kan gesê word dat dit beslis so oud is soos Menlopark! Dit maak nie saak hoe diep jou spore op Menlo-bodem lê of in watter dekade jy jou lyf Athener, Mileet, Spartaan of Trojaan gehou het nie – die blote gedagte aan huissport roep herinneringe van deelname, spangees, waagmoed en verrassende prestasies op. Daar is weliswaar nie nog 'n skool wat met dosyne deelnemers aan die 3 000 m-items kan spog nie en nog minder skole wat oor 'n aflosspan bestaande uit hokkiespelers, koorlede en fietsryers beskik! Dit is inderdaad so dat Menlo se huissport 'n weergalose viering van sport en samesyn is en hiermee sal sestig jaar se Parkies akkoord gaan.

Die Atheners het vanjaar met die louere weggehardloop en die volgende rekords het in die slag gebly:









### Nuwe rekords

| | | |
|---|---|---|
| Megan Nieman | o. 14 | 300 m-hekkies, 90 m-hekkies & 100 m |
| Liné de Villiers | o. 14 | 300 m-hekkies |
| Alicia Khunou | o. 17 | Diskus & gewigstoot |
| Zané Loots | o. 16 | Verspring |
| Colene Scheepers | o. 17 | 100 m & 200 m |
| Werner Bezuidenhout | o. 17 | 110 m-hekkies |
| Taelyn Smith | o. 15 | Hoogspring |
| Danie Bothma | o. 14 | 400 m |
| Llewellyn van Heerden | o. 14 | 400 m |
| Chris Swanepoel | o. 15 | Diskus |
| Aidan Erasmus | o. 16 | Diskus & gewigstoot |
| Hanru Potgieter | o. 19 | Spiesgooi |

### Trofeë

| | | |
|---|---|---|
| Middelafstande: Beste dogter | Bianca Stoltz | o. 14 |
| Beste seun | Johann Roelofse | o. 17 |
| Beste hekkiesatleet | Werner Bezuidenhout | o. 17 |
| Beste naelloopatleet | Colene Scheepers | o. 17 |
| Beste veldatleet | Alicia Khunou | o. 17 |
| Beste prestasie deur 'n junior seun | Taylen Smith | o. 15 |
| Beste prestasie deur 'n junior dogter | Megan Nieman | o. 14 |
| Beste prestasie deur 'n senior seun | Werner Bezuidenhout | o. 17 |
| Beste prestasie deur 'n senior dogter | Alicia Khunou | o. 17 |
| Victrix ludorum | Megan Nieman (o. 14) & Colene Scheepers (o. 17) | |
| Victor ludorum | Taelyn Smith (o. 15) & Hanru Potgieter (o. 19) | |

# KRIEKET

## Witwarm vertonings jaag opponente skrik op die lyf

Bring die water! Bring die sand, want Menlo-krieket is aan die brand. 'n Mens sou nooit kon raai dat daar 'n Desembervakansie tussen Menlo-krieket en hierdie uitsonderlike prestasies was nie en 'n mens sou die spelers maklik kon vergewe as hulle die veld na die vakansie effens verroes betree het, maar watwou! Menlo-krieket het die kolf opgeneem en bloot aangegaan waar hulle verlede jaar opgehou het.









Baie geluk aan die spelers en afrigters met 'n hele paar uitsonderlike prestasies (Steve Stolk, 143; Gerhard Engelbrecht, 3/13; Monré Koekemoer, 3/7 & 4/9 en Gerhard-Nico van Zyl, 5/11). Menlo-krieket is absolut feno-men(lo)aal!

### Menlopark 1ste XI vs. Glenwood 1ste XI

| | |
|---|---|
| Menlo | 292/9 verklaar (Steve Stolk 143, Pierré de Villiers 43) |
| Glenwood | 210 almal uit (Gerhard Engelbrecht 3/39, Tiaan Serfontein 2/21) |
| Menlo | 138/3 verklaar (Ewald Meyer 57, Marco Strydom 28) |
| Glenwood | 81/8 (Gerhard Engelbrecht 3/13, Gerhard-Nico van Zyl 2/14) |

**Menlo wen met 82 lopies met die eerste beurt.**

### Menlopark 1ste XI vs. Selborne College 1ste XI

| | |
|---|---|
| Menlo | 225/7 (Ewald Meyer 85, Dian van Zyl 33, Marco Strydom 33) |
| Selborne | 151 almal uit (Gerhard-Nico van Zyl 5/11, Marcus de Aguiar 3/26) |

**Menlo wen met 74 lopies.**

### Menlopark 1ste XI vs. Jeppe 1ste XI

| | |
|---|---|
| Jeppe | 153/6 (Gerhard Engelbrecht 1/14) |
| Menlo | 142/9 (Tiaan Serfontein 39, Gerhard-Nico van Zyl 31) |

**Jeppe wen met 11 lopies.**

### Menlopark 2de XI vs. Centurion 2de XI

| | |
|---|---|
| Centurion | 140 almal uit (Wian van Deventer 4/30, Monré Koekemoer 3/7) |
| Menlo | 269/9 verklaar (Wian van Deventer 85, Jacques de Villiers 76) |
| Centurion | 28/5 (Monré Koekemoer 4/9) |

**Menlo wen met 'n beurt en 101 lopies.**

### Menlopark 2de XI vs. Kempton Park 1ste XI

| | |
|---|---|
| Kempton | 260/8 (Monré Koekemoer 3/55, Gerrie Coetzee 2/54) |
| Menlo | 186 almal uit (Henré St. Arnaud 72, Jacques de Villiers 32) |

**Kempton Park wen met 74 lopies.**

### Menlopark 2de XI vs. EG Jansen 1ste XI

| | |
|---|---|
| EG Jansen | 172 almal uit (Jacques de Villiers 6/41) |
| Menlo | 161/7 (Monré Koekemoer 34, Henré St. Arnaud 27) |

**EG Jansen wen met 11 lopies.**

### Menlopark 2de vs. Monument 1ste XI

Menlo 160/9 (Henré St. Arnaud 62, Monré Koekemoer 47*)
Monument 157/5 (Gerrie Coetzee 2/45)
**Menlo wen met 3 lopies.**

# SWEM

## Rekords spat by interhuis; deelname vier hoogty

Daar is min dinge so lekker soos 'n sweminterhuis op Menlo-bodem. Indien dit nie so gevaarlik was om water en elektrisiteit te meng nie, sou 'n mens maklik kon sê dat die atmosfeer elektries was, maar ter wille van veiligheid volstaan Die Insig eerder by woorde soos opwindend en uitspattig om die swemaksie wat oor twee dae gestrek het, te beskryf.

Moenie die fout maak om te dink dat die interhuis slegs vir aspirant- Olimpiese swemmers is nie. Menlo se swembad het plek vir ernstige swemmers, sosiale swemmers en selfs diegene wat net die waters wil toets.

Die huissport van 2023 sal onthou word as een waar daar golwe gemaak is en golwe gery is. Baie geluk aan elkeen wat sy/haar slag by die jaar se eerste gala gewys het en aan die wat die rekords laat spat het.

Trek gerus die swemtoerusting nader, want die spanne duik reeds op 19 Januarie vir die jaar se eerste ligagalas in: A-span (PHSG) en B-span (Cornwall Hill College).

Baie dankie aan elke personeellid wat sy/haar lyf beampte by die interhuis (swem en atletiek) gehou het. Julle is die verskil!



### Nuwe rekords

| | | |
|---|---|---|
| Joshua Muller | o. 14 | 50 m-borsslag & 100 m-borsslag |
| Kayla Kleynhans | o. 14 | 100 m-borsslag |
| Genna Cloete | o. 17 | 50 m-vryslag & 100 m-vryslag |
| Rossouw Janson | o. 19 | 100 m-vlinderslag |
| **Victrix ludorum** | Junior | Savannah Mostert |
| | Senior | Genna Cloete |
| **Victor ludorum** | Junior | Joshua Muller |
| | Senior | Antonie Pieterse |

# TENNIS

## Menlo-tennisbestes op pad na provinsiale kampioenskap

Die jaar is skaars 'n paar dae oud of Menlo-tennis is op dreef! Die Insig wens graag die volgende spelers wat vandeesweek aan die Gauteng-Noord Hoërskolekampioenskap deelneem, sterkte toe:

Valentino Ceronio, Christiaan de Bruine, Devan Matthee, Divan Heyman, Waldo du Plessis, Jandré Viljoen, Jeanri Richter, Karina Pont, Minke Gildenhuys, Kara Heyl & Kaitlin Meyer.



# SPOG

## Menlo-dansers pronk op podium

Zani Malan en Karmen van Greunen het aan die einde van 2022 aan die World Dance Challenge deelgeneem en hulle staal in die hip hop-afdeling gewys. Hier het hulle die opponente die loef afgesteek om met drie goue medaljes (groepsdanse) bekroon te word.

Karmen het ook 'n solo uitgevoer waarvoor sy 'n derde plek behaal het. Baie geluk aan hierdie twee ritmiese Parkies!



MENLO
Perdesport
Bied aan

# 2023-skou

| | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag, 28 Januarie 2023 |
| **Plek** | Graceland Equestrian Centre |
| **Inskrywings open** | 18 Desember 2022 |
| **Inskrywings sluit** | 23 Januarie 2023 |

Waardevolle SANESA-voorbereiding!
Show Jumping | Equitation | Working Riding | Working Hunter

*Training*- en *graded*-skou.

Meer besonderhede volg.

menlo-perdesport



# MARKPLEIN






**Aan alle Parkies**

Geniet jou eie TAU vol leer tas met 'n 10 jaar lewenslange waarborg. Maak gebruik van dié spesiale afslag aanbod vir alle Menlopark leerlinge wat behels:

» 10% Afslag geldig tot en met 31 Maart 2023
» Ingesluit is 'n leer pennesakkie
» Persoonlike naamgravering

Hierdie unieke aanlyn kode moet gebruik word om dié voordeel te geniet: **TAUMenlopark**

Bestel direk op ons webblad:
www.tausouthafrica.co.za

Volg ons op Instagram @tausouthafrica.co.za

Beperking - Alleenlik op skooltasse. Geldig tot 31 Maart 2023.













